Gereformeerde Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

13 Junie 2010

Lees: Ef 4: 1 – 16

Teks: Ef 4 : 4a

Tema: Ons is die liggaam van Christus

Ps 8 : 1, 2, 3, 4, 8

Daar is geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid -
of orals blink u Naam en majesteit.

Ps 8 : 1, 2, 3, 4, 8

U het, o Heer, wat troon oor alle dinge,
uit kindertaal en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

Ps 8 : 1, 2, 3, 4, 8

As ek, o Heer, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en
glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan -

Ps 8 : 1, 2, 3, 4, 8

wat is die mens dan dat U hom gedenk het,

die mensekind wat U so *veel geskenk* het!

Met eer en heerlikheid is hy gekroon, skaars minder as die eng'le om u troon.

(die mensekind wat U so ryk beskenk het!)

Ps 8 : 1, 2, 3, 4, 8

Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid -
of orals blink u Naam en majesteit.

Ps 9 : 1, 2, 3, 8

Ek sal van ganser harte, Heer,

u wonders groot maak en U eer.

Ek sing omdat ek in U bly is,

aan wie my lofsang toegewy is;

Ps 9 : 1, 2, 3, 8

omdat my vyand, hoe gedug,

teruggewyk het en gevlug;

omdat hy voor u oë wég is,

en, Heer, my saak deur U besleg is.

(omdat hy voor u aanskyn wég is,)

Ps 9 : 1, 2, 3, 8

Die Regterstroon het U bestyg,
U het die heidendom gedreig,
sodat die sondaars uitgewis is
van hul geen stam voor U gesig is.

(As Regter 't U die troon bestyg,
U het die heidendom gedreig,
sodat die sondaars uitgedelg is
en daar van hul geen stam of telg is.)

Ps 9 : 1, 2, 3, 8

Sing lof aan Hom op Sions troon,

vertel sy roem waar volke woon!

Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie,

of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

(Psalmsing Hom wat op Sion troon)

Lied 449 : 1, 4 - Staan

Halleluja, ons loof U, Heer;
aanbid U, Vader, gee U eer,
o Bron van alle lewe!
Ons roem in u barmhartigheid,
u wysheid, mag en majesteit -
ver bo ons lof verhewe!

Lied 449 : 1, 4

Ons loof U, Vader, Seun en Gees,
ons wil U, Heer, gehoorsaam wees,
aan U behoort ons lewe.
Heer, drie maal heilig, hoor die lied,
Drie-enig God, wat ons U bied -
sing lof, sing al wat lewe!

Gereformeerde Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

13 Junie 2010

Lees: Ef 4: 1 – 16

Teks: Ef 4 : 4a

Tema: Ons is die liggaam van Christus

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy sy heil en bystand stuur

uit hoë heiligdom,

en u uit Sion ondersteun,

van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy, die ryke God, u gee

al wat u hart verlang!

Vervulling van wat u beraam -

mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Ps 67 : 1 (bl 328) -Staan

Mag God verskyn in sy genade,

mag Hy ons red, mag Hy ons seën,

mag Hy bekend word vir sy dade

dwarsoor die ganse aarde heen.

Gee vir seëninge...

Ps 67 : 1 (vervolg)

Gee vir seëninge, gee vir goeie dinge

Hom ons dank en eer.

Alle volke ,prys Hom, loof,

o ganse mensdom, prys die goeie Heer.

Groetseën

<u>Ps 47 : 1, 4</u> (bl 240) - Staan

Juig, o volke, juig! Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug!
Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys,
want bo al wat leef en
voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink -
Allerhoogste in eer,
groot is God die HEER!

Ps 47 : 1, 4 (bl 240)

Psalmsing tot Gods eer!

Weet dat Hy regeer.

Hy het opgevaar, Koning is Hy daar

van die heidendom. Vorste en volke kom

om sy volk te wees,

Abrams God te vrees.

Skild en teëweer is van U, o HEER!

Sing dan juublend bly!

Hoog verhewe is Hy!

Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en die lyding van die hel ondergaan het,

Geloofsbelydenis

wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

opgevaar het na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes

en die dooies te oordeel.

Geloofsbelydenis

Ek glo in die Heilige Gees;
Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe.

Sing : Amen

Die wet van die Here

Exodus 20



Exo 20:1 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3 (1) Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
4 (2) "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,

6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
7 (3) "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
8 (4) "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.
9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,
10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. in die land wat die Here jou God vir jou gee.

11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
12 (5) "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon 13 (6) "Jy mag nie moord pleeg nie.
14 (7) "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 (8) "Jy mag nie steel nie.
16 (9) "Jy mag nie vals getuienis teen `n ander gee nie.
17 (10) "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie `n slaaf of slavin, `n bees of `n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

Ps 119 : 1, 2 (bl 584) - Staan

Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuig'nis let.
Salig die wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.

Ps 119 : 1, 2 (bl 584)

Dis u wil dat ons u woorde
in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, ek sou 't van harte.
HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster,
dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken,
en geen skande oor my haal!

Woord- en Gebedsdiens

Lees: Ef 4 : 1-16

Teks: Ef 4 : 4a

Tema: Ons is die liggaam van Christus

Ef 4:1 Ek druk julle dit op die hart, ek wat `n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.
2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.
3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.
4 Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.
5 Daar is net één Here, één geloof, één doop,
6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

7 Aan elkeen van ons is ‘n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.
8 Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."
9 Hierdie uitdrukking: "Hy het opgevaar", veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.
10 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.
11 En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. liefde.

12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.
13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos `n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.
14 Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie..

15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,
16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Teks:

Ef 4 : 4a
Daar is net één liggaam en net één Gees

Tema:

Ons is die liggaam van Christus

Woord- en Gebedsdiens

Woord- en Gebedsdiens

Sb 10-2 (Sb 28)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen.

Antwoorddiens

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Sb 18-6 : 1, 2, 3, 4, 5 - Staan

Ek sien 'n nuwe hemel kom,

'n aarde nuut en vry.

Die see en al wat skei, verdwyn.

God self kom by ons bly.

Sb 18-6 : 1, 2, 3, 4, 5

Die nuwe stad, Jerusalem,

daal uit die hemel neer;

skoon soos 'n bruid in heerlikheid -

geliefde van die Heer.

Sb 18-6 : 1, 2, 3, 4, 5

Die Heer droog al die trane af,

verby is droefheid, dood.

Ja, pyn en smart wyk uit die hart -

ons moeite, angs en nood.

Sb 18-6 : 1, 2, 3, 4, 5

"Kyk, Ek maak alles nuut", sê God.

"Laat hom wat dors het, kom.

En hy sal vind hy is my kind;

Ek is 'n Gód vir hom!"

Sb 18-6 : 1, 2, 3, 4, 5

Oorwinnaars sal ons alles erf

en drink uit die fontein

van lewenswater, heerlik, rein.

En God sal oor ons skyn.

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde
Kerk Benoni

13 Junie 2010

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30